ONS WAS OOK DAAR

Skrywer: ‘n Prettige “diertjie”-Kersspel wat die Kersgebeure vir kinders uitbeeld soos gesien en geïnterpreteer deur die oë van die diere wat die nag van Jesus se geboorte teenwoordig was by die gebeure. Kinders identifiseer sterk met diere, selfs as hulle (soos koei en donkie) gedurig skouer skuur. Hulle bekom ook baie bykomende inligting oor dinge wat hulle (en baie volwassenes) voorheen misverstaan het a.g.v. Kerskaartjie- en Kinderbybelprente. Terugvoer van kerke en skole wat dit opgevoer het, was positief oor hierdie drama en almal wat daarby betrokke was het die instudering en aanbieding daarvan baie geniet.

deur

Joey van Niekerk

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar
dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

Kopiereg voorbehou

Kopiereg: Joey van Niekerk. Knysnalaan 299, Sinoville, Pretoria, 0182

E-pos: jgvniekerk@mweb.co.za. Tel. (012) 567-2102

Joey van Niekerk is op 3/9/2023 oorlede.
Toestemming vir opvoering moet van haar
dogter, Sarita Booysen, verkry word.
e-pos: booysens1966@gmail.com

Toestemming vir opvoering moet verkry word van:
DALRO, Posbus 31627, Braamfontein, 2017
Tel. (011) 712-8330; 072 7557523 E-pos: theatricals@dalro.co.za

WENKE:

♦ **Geskik vir gebruik** deur kerke en primêre skole (grade 0 tot 7). Op ‘n speelse, kinderlike wyse word die Kersboodskap duidelik, maar vanuit ‘n baie ongewone hoek oorgedra. Interessante agtergrondsfeite rondom die geboorte van Jesus, wat as gevolg van kerskaartjie- en Kinderbybelprente dikwels misverstaan word, kom hierin na vore.

♦ Toe die NG gemeente Magalieskruin-Pretoria dit aangebied het, was die inoefening daarvan groot pret vir almal wat daarby betrokke was en die gehoor het groot waardering vir dié ongewone Kersaanbieding gehad.

♦ Twee **speelruimtes** is nodig. Dit kan direk langs mekaar wees.

♦ Beperk die **dekor** tot die minimum en hou dit so eenvoudig moontlik.

♦ **Kleredrag:** Om koste te besnoei, kan die diere gewone klere aanhê met maskers wat aandui watter soort dier of voël hulle voorstel. Gebruik maskers wat nie die hele gesig bedek nie, want agter maskers kan hulle stemme nie duidelik gehoor word nie. En die toeskouers wil darem ook die kinders se gesigte sien!

♦ 'n **Spreekkoor, kindersangkoor, orkes, koordanse en gemeentesang** is ook ingewerk om so al die kinders en die hele gehoor te betrek, maar dis opsioneel. Die spreekkoor kan met ‘n “profetestem” vervang word, en die res kan wegval of aangepas word vir eie omstandighede en behoeftes.

♦ **‘n Wenk:** Omdat Magalieskruin net ‘n maand gehad het om die Kersspel in te oefen, het die dramabediening se volwasse akteurs die praatwerk gedoen en dit op band vasgelê. Die kinders het daarna saam met die stemme op band geoefen

en ook saam gepraat. Hulle het dit in ‘n japtrap onder die knie gekry en kon die aksies en mimiek met groot sukses onder die knie kry. Die volwasse akteurs (jeugdiges ingesluit) het groot pret gehad met die namaak van die dierestemme en dit het goed gewerk. Probeer dit gerus self in u gemeemte, want so word so ‘n opvoering in *gemeenteprojek* wat kleuters, jong kinders, jeugdiges en volwassenes, asook die gemeente betrek. Baie tyd word ook gespaar omdat die vrees dat hulle hul woorde sal vergeet, nie by die jong akteurtjies bestaan het nie. Hulle kon hulle met oorgawe toespits op hulle mimiek en toneelspel en het op die ou end lustig saam met die bandopname gepraat.

ROLVERDELING

Hoofkarakters wat dwarsdeur die drama figureer: (Ouderdom 10-13 jaar)

Donkie; Koei; Uil; Muis en Voëltjie

Karakters wat slegs in sekere toneeltjies optree: (Jonger akteurtjies kan ook hier betrek word.)

Josef en Maria

Herders: Sadok, Jabin, Palti en

Skapies (Opsioneel, want hulle praat niks. “Mê” net af en toe en beweeg saam met herders.)

Vader Simeon en Anna die profetes

Sterrekykers: Baltasar, Kaspar en Melgior.

Twee “slawe” in Bybeldrag wat help met die dekorwisseling.

Opsioneel: Spreekkore, sangkore, orkes, gemeentesang en koordansers.

TONEEL 1:

*Speel af op **Speelruimte 1** (in die middel van die verhoog). **Speelruimte 2** is aan die kant. Geen dekor is nodig nie, maar as u dit verkies, kan u 'n "staltoneel" bou.*

Toneel 1 speel af net buite die stal / grot waar Jesus gebore is. Die DIERE kom al geselsend op. Heel voor loop die DONKIE en die KOEI. Die ander volg hulle.

DONKIE: Ai, ek is darem bly ek het Maria eindelik veilig hier gebring. Dit was so 'n lang reis.

KOEI: Van waar af het julle gekom, Donkie?

DONKIE: Van Nasaret af, Koei.

KOEI: Waar is Nasaret?

DONKIE: *(Hy wys in 'n rigting.)* Doe..r..r ver. Anderkant die Samaritane se land. Maar ons het met die Jordaandal langs gekom. Uh.h.. Ek het die arme Maria so jammer gekry. Maar sy was baie dapper.

KOEI: Hoekom sê jy sy was dapper?

VOËLTJIE: *(Sy spring opgewonde op en af)*
Ek weet. Ek weet. Ek vlieg altyd daar rond.

MUIS: (GRETIG. *Stamp aan haar arm)* Vertel. Toe, toe jong, vertel! Ai, jy het darem maar lekker om so te kan rondvlieg. Ek wens ek het ook vlerke gehad om te kan vlieg.

DONKIE: Dan was jy nie meer 'n muis nie. Dan was jy 'n vlermuis.

MUIS: (*Gril)* Nee dankie, Donkie! Dan bly ek liewer 'n muis. (POUSE. *Draai na voëltjie toe).* Maar vertel nou vir ons van die plek waar jy rondvlieg, voël. Hoekom sê Donkie Maria was baie dapper?

VOËLTJIE: Dis vreeslik warm daar onder by die Jordaanrivier. En weerskante is daar hoë berge *(Wys hoe hoog)*

(BANGMAAKSTEM) … met diep, donker grotte. Rowers en boewe kruip in die grotte en in die bosse weg. As mense daar verbygaan *(sy gee 'n onverwagse sprongetjie vorentoe en maak of sy na hulle gryp.)* dan spring hulle uit, gryp hulle en vat al hulle goed.

(Die diere deins verskrik terug):

MUISIE: Ag nee! Dis mos lelik van hulle!

VOËLTJIE: Ja, muis, dit is. Daarom het Donkie gesê Maria was baie dapper.

DONKIE: (TWYFELEND) J..a..a, dit ook. (GEHEIMSINNIG) Maar weet julle wat? (KONDIG PLEGTIG AAN) Maria gaan 'n babatjie kry.

(MET KLEM) Ek dink sy was baie dapper om so *vreeslik* ver te ry.

'N KOOR VAN STEMME *(terwyl hulle met groot oë hulle hande verbaas voor hulle monde hou.)* Wat? Hoe weet jy van die baba?

KOEI: (VIES) *(Sy gee Donkie 'n stampie)* Ja, sê my, wat weet *jy*, 'n *MAN-donkie* van babas-kry af?

DONKIE: (BELANGRIK) Josef het dit *self* vir my gesê - toe ons nog op pad was.

KOEI: (SKEPTIES, EFFENS NEERHALEND) Waarom sou hy dit vir *jou,* 'n

donkie sê?

DONKIE: Ek wou maar net vir Maria help. Sy was partykeer so moeg. En dit was so warm.

(Buig half vorentoe en vat aan sy rug soos iemand wat rugpyn het.)

En partykeer het sy saggies gekreun en gesê:

MARIA SE STEM: *(Effense eggo in stem)* "My rug, o my rug! Ek kan nie verder nie."

DONKIE: (PLEGTIG. BELANGRIK) Elke keer as dit gebeur, steek ek net daar vas.

(Hy gaan staan botstil, lyf stokstyf soos 'n standbeeld.)

(MET KLEM) *Ek loop dan nie een tree verder nie!* Josef kan doen net wat hy wil. Maar ek *STAAN!* Dan *moet* Josef maar vir Maria van my rug afhelp en haar 'n bietjie laat rus.

UIL: (MET 'N GRINNIK) Ek dink nie Josef het *daarvan* gehou nie. Mense raak moeilik as donkies steeks raak.

DONKIE: (HUIWERIG. NADANKEND) Ja.a.a. Josef het darem nie baie kwaad geraak nie. Net moedeloos. En dan soebat hy:

JOSEF SE STEM: (PLEITEND, *ook met effense eggo)* Agge nee, Donkie, asseblief tog. Jy kan nie alweer steeks raak nie. Maria gaan 'n baba kry en ons moet in Betlehem kom. Kan jy nie sien hoe moeg sy is nie? Wil jy hê die babatjie moet hier in die veld gebore word? Loop tog verder, *asseblief!*

DONKIE: *(Vermakerig aan Koei.)* *Dit,* Koei, is hoe ek weet van die baba!

MUIS: Maar as Josef weet van die baba, waarom het hy dan so ver met Maria gaan ry? Dis mos dom van hom.

UIL: Dis nie sy skuld nie. Dis die keiser se skuld.

VOËLTJIE: *(Spring weer opgewonde op en af)* Ek weet, Uil. Ek weet! Oral waar ek kom, praat al die mense daarvan. Dis waarom hier so baie vreemde mense in Betlehem is.

UIL: (Goedig) Nou goed, voël. Ek sal maar stilbly, dan vertel jy vir hulle.

(Al die diere luister belangstellend, knik hulle koppe, ens.)

VOËLTJIE: Keiser … keiser. *(Sy klap teen haar kop) Ag*, wat is sy naam nou weer?

UIL: Keiser Augustus.

VOËLTJIE: Dis reg. Keiser Augustus wil al die mense in sy koninkryk tel. Nou moet almal teruggaan na die dorp toe waar hulle gebore is. Die mans moet hulle vrouens en kinders saamneem. Dit is waarom Maria moes saamkom en die ver ent moes ry.

MUIS: Gelukkig het julle veilig hier aangekom. Maar ai, ek kon sien hulle was baie moeg en honger. En toe kry hulle nie eers plek in die herberg nie. En ook nie in enige ander huis nie. Toe moes hulle maar hier by ons intrek.

(Skielik word die geskreeu van 'n pasgebore baba gehoor.)

KOEI: (OPGEWONDE) Moe, moe…! Luister! Die baba! Maria se baba is gebore!

MUIS: (Piep). Jippie! Ek gaan gou kyk. Bly julle hier. Ek is klein en sal hulle nie pla nie.

(Muis skarrel vinnig weg)

UIL: (VERWONDERD) Haai, kyk daar*!*

VOËLTJIE: Wat? Ek sien niks, Uil. *(Almal kyk op en in alle rigtings)*

KOEI EN DONKIE: (GELYK) Waar?

UIL: Julle kyk verkeerde kant toe. *(Wys in 'n rigting)*

Kyk daar, daar waar die skaapwagters altyd hulle skape laat wei. Kyk daardie helder skynsel in die lug. Ek wonder wat dit is. Wag, laat ek gaan kyk wat daar aangaan.

VOËLTJIE: (OPGEWONDE) Wag. Ek gaan saam! *(Sy mik in sy rigting.)*

UIL: (KWAAI) *Jy bly net hier!* Van wanneer af het jy uil-oë wat in die nag kan sien? Soek jy jou dood, voël?

(VOËLTJIE steek bedremmeld vas. UIL vlieg fladderend weg. MUIS kom teruggeskarrel. Die ligte verdof.)

KOEI: Daar ver skyn die helder lig teen die donker nag. Daardie lig is anders as wanneer die son opkom. Hier is dit donker … en stil.

DONKIE: (KYK VERWONDERD NA BO)

Kyk net daardie sterre. Het julle hulle al ooit so blink gesien?

(Almal kyk verwonderd na bo.)

KOEI: (EERBIEDIG) Ai, hoe mooi en stil is hierdie nag.

KOOR- OF SANG DEUR GEHOOR EN KOOR: ***STILLE NAG****.* (Lied 348)

TONEEL 2

(UIL kom opgefladder.)

DONKIE: *(Hy wys na Uil*) A, hier's Uil weer. Uil, wat het jy gesien?

UIL: *(Skud sy kop onbegrypend)* (VERWONDERD): Ek … ek weet nie. Dit was nie mense nie. Pragtige wesens wat in helder lig gesweef het. En hulle het gesing….

(EERBIEDIG, SAG) So mooi…Mooier as enige mensestemme.

SANG EN DANS: *Die fokus / lig verskuif na* ***speelruimte 2*** *waar KOORDANSERS opkom en dans terwyl* ***ERE AAN GOD*** *gesing of gespeel word. (Lied 367 in Liedboek).*

Die koordanse is opsioneel. *Die gehoor / gemeente kan die lied sing, indien verkies.*

Terwyl hulle dans / sing, plaas twee "slawe" op ***speelruimte 1*** *'n wiegie waarin daar strooi is, asook BABA JESUS ('n pop) wat in doeke toegedraai is. MARIA gaan sit by die wiegie en JOSEF staan as die fokus / ligte (later, vir die herderstoneel) weer daarheen verskuif.*

Die aandag is nou egter nog steeds by die diere.

KOEI: Wat het toe gebeur, Uil?

UIL: Die lig en die vreemde wesens het verdwyn. Toe het die skaapwagters haastig hulle goed gevat en hierheen begin loop. Ek het saam met hulle gevlieg. Dit lyk my hulle kom reguit na hierdie plek toe waar die baba gebore is.

*HERDERS verskyn en loop doelgerig **deur die gehoor** na die verhoog toe. (Gehoor moet voel hulle is deel van die spel.)*

MUIS: O aarde. Hier's hulle. En hulle is baie haastig. Laat ek padgee. Netnou trap hulle my plat! *(MUIS skarrel vinnig weg.)*

*AL DIE DIERE beweeg haastig na **speelruimte 2** (waar die engele gedans het).*

TONEEL 3

*Die HERDERS (dalk ook een of twee SKAPIES wat een of twee keer tussenin blêr) stap nou stadiger, huiwerig, tussen die diere deur na **speelruimte 1** toe, waar Josef en Maria by die krip doenig is. Die fokus / lig verskuif nou na hierdie toneel.*

JOSEF: Vrede vir julle, Vriende.

ALDRIE ANTWOORD: Vrede vir u, Meneer.

JOSEF: Wat kan ek vir julle doen?

SADOK: Ons soek die Kindjie in die krip.

Die DIERE kom versigtig nader, maar bly tog eerbiedig op 'n afstand staan.

DIE SPREEKKOOR (opsioneel) kom eenkant stil op en draai na die gehoor toe.

MARIA: (VERWONDERD) Maar hoe weet julle van die Kindjie in die krip?

JABIN: Daar het vannag iets wonderliks gebeur. Ons was buite in die veld besig om ons skape op te pas, toe verskyn daar skielik 'n engel in helder lig by ons. Ons het geskrik. Toe sê die engel:

SPREEKKOOR OF NET 'N VOORLESER IN BYBELDRAG MET 'N BOEKROL IN SY HAND:

Moenie bang wees nie.

Ek het goeie nuus vir julle.

Hierdie nuus is vir die hele volk bedoel.

Vandag is die Redder in Betlehem gebore.

Hy sal almal wat glo, se sondes wegvat.

Hy is die Here, julle Verlosser.

Gaan na Betlehem toe.

Gaan soek na 'n baba wat styf in doeke toegedraai is

en wat in 'n krip lê en slaap.

Dit is Hy.

PALTI (herder): Toe was daar skielik baie engele rondom en bo ons. Hulle het gesing en God geloof en geprys.

MARIA: En toe? Waar is die engele nou?

PALTI: Hulle het teruggegaan hemel toe en die ligglans het verdwyn. En ons het dadelik na Betlehem toe gekom om die Kindjie in die krip te soek.

UIL: (OPGEWONDE) Luister. Hoor julle?

(VERWONDERD) Hy sê dit was *ENGELE* wat so mooi gesing het?

DONKIE: Sjuut! Kyk daar. *(Almal loer nuuskierig)*

MARIA: *(MARIA staan op, gaan staan by die krip en wink die Herders nader.)*

Kom nader. Kom kyk, hier is Hy. *(Sy tel die baba op en hou Hom na die naaste herder uit, maar almal tree half verskrik terug.)*

SADOK: Ons is vuil, Moedertjie, en Hy is skoon. Ons kom van ons skape af.

JABIN: Daarom het ons nie geskenke vir Hom nie, maar ons wil graag hulde aan Hom bring.

SADOK: Wat is die seuntjie se naam?

JOSEF: Jesus. Sy Naam is JESUS. God het Hom self daardie Naam gegee. Hy het gesê: Noem Hom Jesus, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Die HERDERS kniel eerbiedig en vou hulle hande biddend saam.)

AL DIE KINDERS IN DIE GEHOOR EN OP DIE VERHOOG SING

KYK HOEDAT DIE VOËLTJIES VLIEG

(Lied 95:1-2 in *Jeugsangbundel)*

Terwyl gesing word, "vlieg" Uil en Voëltjie ***tussen die gehoor deur*** *en weer terug na die verhoog toe. Die singende kinders wys na hulle.*

By strofe 2 gaan DIE HERDERS, JOSEF, MARIA en die KINDJIE af. Ook die KRIP word tydens die sang weggeneem.]

TONEEL 4

Die DIERE is steeds op ***speelruimte 2*** *as die ligte weer helder word en op hulle fokus.*

Voëltjie en Uil kom vanuit die gehoor opgevlieg na die verhoog.

VOËLTJIE: (OPGEWONDE) Julle sal nooit raai wat ek vandag gesien het nie.

DONKIE: (VERVEELD) Waar was jy *NOU* alweer, Voël? (SUG) Ag, ek wens darem ek kon ook soos jy vlieg.

KOEI: (LAG SPOTTEND) Wat? 'n Donkie wat vlieg? Verbeel jou! As jy nie altyd so steeks is en so lui is om te loop nie, sou jy ook meer van die wêreld gesien het.

DONKIE: (VERONTWAARDIG) Wie praat? Hoe ver het JY al in jou lewe geloop? Ek dra vragte wat my knieë laat knak en my rug wil breek die wêreld vol! Jy drentel net hier by die huis rond.

KOEI: (VERDEDIGEND) Waar sal die mense melk kry as ek oral rondflenter?

VOËLTJIE: Ag julle twee! Moet julle altyd stry. Laat ek tog klaar vertel.

UIL: Ja, laat ons hoor.

VOËLTJIE: (BAIE BELANGRIK) Ek was by die tempel. Josef en Maria het vir Jesus tempel toe geneem. Ek het gehoor hulle sê al die babaseuntjies moet 40 dae na hulle geboorte tempel toe geneem word. En daar, op die trappe van die tempel, kom daar toe 'n ouerige man en 'n baie ou vrou na Josef en Maria toe aangestap. Ek het gehoor die man se naam is Simeon en die baie ou vrou is Anna. (SAGTER, GEHEIMSINNIG) [*Die ander buig nuuskierig vooroor om te hoor wat sy sê]*

Hulle sê sy's 'n *profetes.*

MUIS: Wat is dit?

UIL: Iemand wat by God dinge hoor wat niemand anders weet nie. Dan sê hulle vir die mense wat God sê.

MUIS: Wat het sy gesê?

MUIS: Anna en Simeon, het amper dieselfde dinge gesê.

Die toneel verskuif na **speelruimte 1** toe.

TONEEL 5

JOSEF EN MARIA kom van links af stadig opgestap. Josef dra die Kindjie. Van regs af klim SIMEON en ANNA stadig die trappe op. (Hulle is oud, daarom loop hulle met kort treetjies en is hulle effens krom gebuig). Hulle ontmoet mekaar halfpad.

SIMEON steek vas, neem die Kindjie in sy arms en sê, terwyl hy biddend opkyk na bo:

SIMEON: Dankie Here. U het belowe dat ek met my eie oë die Verlosser sal sien. Vandag hou ek Hom in my arms vas. Nou kan ek maar doodgaan, want ek weet ons Verlosser lewe!

Hy draai na Maria toe en sit die Kindjie terug in haar arms.

SIMEON (AAN MARIA): Moedertjie, Hierdie Kind sal deur baie in Israel verwerp word tot hulle nadeel. Maar Hy sal die grootste vreugde wees vir baie ander. Maar wat jou betref: daar sal ‘n swaard deur jou siel gaan…

ANNA: ('n Krom ou vroutjie, kom ook nader en streel die Kindjie. Teer sê sy:) Ek het 84 jaar oud geword. En nou het ek my Verlosser gesien.

(Ook sy kyk biddend na bo.) Here, ek dank U vir hierdie Kind – die Verlosser van Israel wat uiteindelik gekom het.

Koor of gemeentesang: *DIE HEILAND IS GEBORE (Lied 353 in Liedboek)*

Teen die einde van die liedjie verdof die ligte. Almal beweeg weer af.

TONEEL 6

Terwyl gesing word, word op ***speelruimte 1*** *'n tafeltjie met 'n bankie geplaas. Die diere het onder die sang na* ***speelruimte 2*** *verskuif. Die fokus / lig val eers op die DIERE.*

(MARIA gaan sit op een bankie met die Kindjie in haar arms).

MUIS: Haai julle, kyk wie kom daar aan.

(Drie STERREKYKERS in kleurryke en blinkerige klere kom statig met geskenke in hulle hande ***deur die gehoor*** *na die verhoog toe gestap.)*

KOEI: Dit lyk na baie vername mense.

(Wys na agter in saal) Kyk hulle kamele, lyfwag en knegte!

DONKIE: (MET ONTSAG) En kyk net hulle klere! (TREURIG) Dis net ryk mense wat op kamele ry wat só kan aantrek. (SUG SWAAR) Ons arme ou donkies is net vir arm mense bedoel.

MUIS: *(Vat troostend aan Donkie)* Toemaar, jy's darem baie mooier as 'n kameel. Kyk net hoe knopperig is sy ou knieë. En jou rug is ook mooi reguit. Dis seker waarom Jesus se mamma op JOU rug gery het, en nie op 'n kameel se ou knoppe-rug nie.

UIL: (OPGEWONDE) Weet jy wat, Donkie, eintlik het Jesus *self* ook op jou rug gery, nog voordat Hy gebore is! (*Hou sy kop skeef en dink 'n rukkie.)* Wie weet, dalk gaan Jesus *self* ook nog later op jou rug ry – as hy groter is.

DONKIE: (VERWONDERD) Haai, ek het nooit só daaraan gedink nie.

(TROTS) Eintlik is ek 'n baie belangrike donkie! Die Verlosser het op MY rug gery – nog voordat Hy gebore is!

KOEI: (SNEDIG) Moet tog net nie 'n grootkop kry nie.

UIL: (BERISPEND) Ai, Koei. Los tog vir Donkie uit!

VOËLTJIE (OPGEWONDE) Kyk, kyk daar! Daar is hulle nou by die deur van die huisie waar Josef en Maria uiteindelik blyplek gekry het. Ek gaan gou loer. *(Sy fladder effens nader)*

AL DIE KINDERS IN DIE GEHOOR EN OP DIE VERHOOG SING SAAM.

AL WAS EK NIE DAAR NIE (Lied 355:1-2 in *Liedboek)*

TONEEL 7

(DIE STERREKYKERS is nou binne-in die huisie by Josef en Maria.)

JOSEF: Shalom. Vrede vir julle

BALTASAR: Vrede vir u.

JOSEF: Kan ek iets vir julle doen?

BALTASAR: Ons soek die Koning van die Jode wat gebore is.

MARIA: (VERWONDERD) Waar het julle van Hom gehoor.

KASPAR: Ons het sy ster in die Ooste gesien. (Opsionele invoeging vir groter kinders: Die koningster en die beskermster van die Joodse volk, het regoor mekaar te staan gekom in die beeld van die Visse. Dit het soos een groot ster gelyk. Die Visbeeld is die teken van die Joodse land.)

Dit kan net een ding beteken: Die langverwagte Koning van die Jode, is uitendelik gebore. Julle God het met ons sterrekykers deur sy ster gepraat. Dis die taal wat ons verstaan. Ons het lank gereis tot hier. In Jerusalem het ons na Hom gaan soek. Koning Herodes het gevra wanneer ons die ster gesien het. Niemand hier het die ster gesien nie, want hulle is nie sterrekykers nie. Koning Herodes het toe vir die slim mense wat die Bybel goed ken, gevra waar die Messias gebore gaan word. Hulle het gesê julle profeet Miga het voorspel dat ons Hom in hierdie klein dorpie, Betlehem, sal vind.

SPREEKKOOR (Opsioneel) of VOORLESER wat uit boekrol voorlees:

Betlehem,

Jy is nie meer 'n onbelangrike ou dorpie iewers in Juda nie.

'n Baie belangrike man gaan in jou,

kleine ou dorpie, gebore word.

Hy sal 'n leier wees wat sy volk sal versorg

soos wat 'n skaapwagter sy skape lei en oppas.

KOOR OF SANG DEUR GEHOOR / GEMEENTE: ***BETLEHEMS STER*** (Lied 40 in *die Hallelujaboek)*

MELGIOR: Julle God was goed vir ons. Ons het dadelik vertrek. Net toe ons buite Jerusalem kom, het ons weer die helder ster gesien wat ons in die Ooste gesien het – reg bokant Betlehem. Toe het ons geweet dat julle God ons self na julle toe lei, en hier is ons nou om *hulde* te bring.

BALTASAR: Ons het ook *geskenke* gebring.

(Hy tree nader, kniel en plaas sy geskenk by Maria se voete, en sê): GOUD – 'n geskenk van een koning aan 'n ander.

KASPAR: *(terwyl hy langs Baltasar kniel en sy geskenk neersit):* en WIEROOK. Mag die lieflike geur van wierook die Koning in al sy glorie altyd omgewe. Mag die wierook die koning ook altyd herinner aan die gebede van sy volk wat opstyg na die troon van God.

MELGIOR: *(Kniel ook):* … en MIRRE. Mag die koning nooit nodig hê om pyn te verlig net die hulp van mirre nie.

(Hulle bly so knielend voor die Kindjie staan. Kom dan saam orent en sê gelyktydig):

Lank lewe die Koning!

Die DIERE, die HERDERS en SIMEON EN ANNA, ASOOK DIE SPREEKKOOR beweeg almal nader en groepeer in 'n halfmaan om die groepie op die verhoog.

JUBELENDE LOFSANG DEUR ALMAL, OOK DIE GEHOOR:

SLOTLIED: Lied 364:1-3: ***HERDERS OP DIE OPE VELDE (of eie keuse-lied)***

(OPSOMMING (vir die binneblad van die program)

KERSSPEL

'N KIND IS VIR ONS GEBORE

Toneel 1: Direk buite die geboorteplek van Jesus vertel Donkie vir die diere van Maria se moeilike reis na Betlehem. Voëltjie en Uil gee agtergrondinligting en die diere interpreteer (deurgaans) die Kersgebeure soos hulle dit beleef. Kinders identifiseer maklik met die diere.

Gemeentesang: *STILLE NAG* (Lied 348:1-3 in *Liedboek)*

Toneel 2: Uil gaan stel ondersoek in na 'n vreemde ligglans oor die herdersvelde. Hy kom terug en is vol verwondering oor wat hy gesien het.

Koordans en/of Gemeentesang: *ERE AAN GOD!*

Toneel 3: Die herders bring hulde aan die Kindjie in die krip.

Spreekkoor (of net ‘n profetestem):

DIE ENGELE SE BOODSKAP AAN DIE HERDERS (Luk. 5:10-12)

Al die kinders staan op en sing saam:

KYK HOEDAT DIE VOËLTJIES VLIEG (terwyl Uil en voëltjie in die gehoor rondvlieg.)

(Lied 95:1-2 in *Jeugsangbundel)*

Toneel 4: Dis 40 dae na Jesus se geboorte. Voëltjie kom ingevlieg en vertel van die gebeure op die tempeltrappe. Jesus en Maria is tempel toe gebring vir Jesus se wydingseremonie (waar Hy tot beskikking van die Here gestel word) en die reinigingsoffer wat vir Maria gebring moes word.

Toneel 5: Simeon en Anna, die profetes, ontmoet Josef en Maria op die tempeltrappe en dank God dat hulle hulle Verlosser gesien het.

Koor of gemeentesang: DIE HEILAND IS GEBORE (Lied 353 in Liedboek)

Toneel 6: Die diere verwonder hulle aan die vername gaste (die sterrekykers) wat Jesus in die huis (waar hulle nou tuis is) kom besoek en gee betekenis aan dit wat gebeur.

Al die kinders in die gehoor en op die verhoog staan op en sing:

AL WAS EK NIE DAAR NIE. (Lied 355:1-2*)*

Toneel 7: Die sterrekykers vertel van die ster in die Ooste en hulle soektog na die Koningskind wat gebore is.

Spreekkoor of net ‘n stem wat praat: *DIE PROFESIE OOR BETLEHEM* in Miga 5:1.

Samesang: *BETLEHEMS STER* (Lied 40:1-4 in *Die Hallelujaboek)*

Die Sterrekykers bring hulde.

SLOTLIED: (Lied. 364:1-3): *HERDERS OP DIE OPE VELDE (of eie keuse-lied)*